
# Jesus se Hemelvaart

*Handelinge 1:1-11*



- Benodighede
  - Prentjies (sien onderaan)
  - Skêr
  - Gom/Sellotape
  - Inkleurpotlode
  - Wol/toutjie
  - Gaatjiepons

*Vir vandag se aktiwiteit sal mens ongelukkig 'n printer nodig hê. Maar as jy nie een het nie, kan jy (of die kinders!) jou eie eenvoudige weergawe van die toneel van Jesus se hemelvaart teken en nogsteeds die toutjie gebruik om die wolkie op te laat gaan.*

1. Print die twee bladsye met die prentjies hier onder uit.
2. Kleur die prentjies in soos wat jy graag wil.
3. Knip een van die prentjies van Jesus op die wolkie uit.
4. Druk 'n gaatjie in die middel, onder en bo, in die bladsy met die prentjies van die dissipels op.
5. Ryg die wol deur die gaatjies en maak 'n knoop sodat die toutjie deur altwee gaatjies kan beweeg.
6. Plak die wolkie aan die wol vas, naby aan die onderste gaatjie.
7. Nou kan die wol agter die papier getrek word om die wolkie na bo te laat beweeg.

